SAKE 24 (Rapport)
17 Apr 2011, p.11

FINANSIËLE RAADGEWERS KLA VERNIET

Eksamen ís nodig vir dié adviseurs

ADRI VAN ZYL IN JOHANNESBURG
adri.vzyl@sake24.com

Finansiële adviseurs en tussengangers wat nou steen en been kla oor die regulatoriese eksamen wat hulle voor einde vanjaar en einde 2013 moet aflê, is van 2008 af al bewus van die sperdatums vir die eksamens.

In die laaste paar maande word uit alle oorde teenkanting teen die eksamen uitgespreek.

Wat meer is, dié eksamen spruit uit klagtes wat by die verskillende ombudsmanne in die finansiëledienstesektor ingedien is en wat die gebrekkige kennis van tussengangers en adviseurs aan die kaak stel, sê ingeligtes.

"Die Raad op Finansiële Dienste het uit interaksie met die verskillende ombudsmanne agtergekom dat sommige adviseurs nie weet wat die basiese beginsels van hul beroep is nie," sê een.

Dit is terwyl daar ernstige pogings aan die gang is om finansiële adviesdienste as 'n professionele beroep te vestig.

Finansiële adviseurs en tussengangers kla veral oor die sperdatums vir die aflê van die eksamen; die feit dat die vraestel uit meervoudige keuses bestaan en die slaagsyfer 65% is; en die koste van R900 per eksamen.

In die afgelope twee weke is ook ernstige besware ingedien oor die eksamen net in Engels aangebied sou word. Die Raad op Finansiële Dienste (RFD) en die vereniging van finansiële tussengangers (FIA) het egter ná beraadslaging verlede week aangekondig dat die eksamens nou ook in Afrikaans afgelê kan word.

Altesame 144 000 finansiële adviseurs en tussengangers moet die verpligte eksamens aflê. Tot nou het 2 240 die eerste fase van die eksamens afgelê en die slaagsyfer regverdig nie die klagtes oor die moeilikheidsgraad daarvan nie, sê mnr. Arnold van der Linde, 'n uitvoerende direkteur van die FIA.

Mnr. Arnold van der Linde, 'n uitvoerende direkteur van die vereniging van finansiële tussengangers.

Daar was die laaste tyd uit verskeie oorde klagtes dat die eksamen só moeilik is dat dit duisende tussengangers uit die bedryf sal dwing.

Die eksamens moet in twee fases afgelê word.

Die eerste fase is 'n verpligte eksamen om adviseurs en tussengangers se kennis te toets van die regulatoriese omgewing waarbinne hulle werk. Dié eksamen handel oor hul kennis van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (FAIS) en die onderliggende gedragskodes waarin die verantwoordelikhede en verpligtinge van adviseurs en tussengangers uiteengesit word. Dit is nodig om seker te maak dat verbruikers die regte advies kry en in produkte belê wat in hul finansiële behoeftes voorsien.

Tussengangers en adviseurs moet voor einde Desember vanjaar dié eksamens aflê.

Die tweede fase gaan oor die spesifieke produkte waarvoor die adviseur of tussenganger 'n lisensie wil hê om dit te kan verkoop.

Dit bestaan uit altesame 29 eksamen wat handel oor verskillende produkte. Tussengangers en adviseurs moet eksamen aflê oor die produkte waarvoor hulle gelisensieer is. Dié eksamen moet voor einde 2013 afgelê word.

Van der Linde sê adviseurs wat sekere kwalifikasies verwerf het, kan van sommige van dié eksamen vrygestel word.

Hy sê die klagtes oor die moeilikheidsgraad van die produkspesifieke eksamen is heeltemal voortydig omdat daar nog nie finaal daaroor besluit is nie.

Volgens Van der Linde is die kritiek dat die RFD net geld wil maak uit die eksamen ook ongegrond.

Van die R900 per eksamen wat adviseurs moet betaal, kry die RFD net R20. Die res gaan aan verskeie ander organisasies wat die vraestelle opstel, nasien en ander dienste lewer. "As die eksamen gratis is, sal die heffings vir tussengangers noodwendig verhoog moet word."

Van der Linde sê in die eerste fase moet adviseurs twee eksamen aflê. "Die koste van R1 800 per eksamen behoort nie vir 'n suksesvolle adviseur 'n probleem te wees nie."

Uiteraard sal die eksamen in die tweede fase duurder wees as adviseurs wil kwalifiseer om verskillende produkte te verkoop.

As dit vir hulle te duur is, sal adviseurs dalk gedwing word om hulle toe te spits op net enkele produkte en nie probeer om "alles vir almal te wees" nie, sê Van der Linde.

R20

Die deel van die eksamengeld van R900 per eksamen wat na die RFD gaan.

Oor die taalkwessie sê hy dat aanvanklik besluit is om die eksamen in Engels aan te bied omdat die wet in Engels geskryf is en die begrip – selfs van Afrikaanses – beter sou wees.

Van der Linde sê die aanbied van eksamen in ander tale is indringend bespreek, maar dit gaan die koste van die eksamen verhoog.

"Taalgroepe waarin daar genoeg mense is om dit te regverdig en wat die bykomende koste kan dra, kan gerus die RFD nader om dit te oorweeg."

Oor die klagtes oor die moeilikheidsgraad en die meervoudige keuses van antwoorde, sê Van der Linde dat 'n slaagsyfer van 65% billik is. Dit is reeds verlaag van 75% en die tydsduur van die eksamen is verleng van 2 uur tot 2,5 uur.

Hy sê uit statistieke blyk iemand wat net raaiskote waag in 'n eksamen kan met 'n meervoudige keuse van antwoorde 30% kry. As die slaagsyfer verder verlaag word, gaan die eksamen nie die doel dien nie.

"Finansiële advies is 'n ernstige saak en dit het 'n uitwerking op die res van iemand se lewe – dit kan 'n persoon maak of breek," sê hy.